

Oorwin die kwaad met die goeie

Dalk het iemand jou ook al te na gekom – in só 'n mate dat jy voel jy kan hom (as jy mag) iets gruweliks aandoen, sommer net om hom terug te kry vir die kwaad wat hy jou aangedoen het. As daar iemand was wat deurgeloop het onder die boosheid van 'n kwaadwillige mens, dan was dit Dawid wat voor Saul moes kies en vlug. Die Here het 'n bose gees gestuur wat Saul beetgepak het (1 Sam 18:10). In 1 Samuel lees ons kort-kort hoe Dawid voor Saul moes padgee. En toe sterf Saul in 'n geveg teen die Filistyne (1 Sam 31). Dawid hoor dit. Sy pad na die troon lê voor hom oop. Die man wat hom om die lewe wou bring en sy vyand was, is dood. Sy koningskap wink. Volgens ons menslike logika sou jy dink dat Dawid daarvoor baie bly moes wees. Maar Dawid reageer presies die teenoorgestelde. Hy rou en treur en vas oor Saul wat gesneuwel het. Hy is immers die man na God se hart en hy doen wat God van Hom verwag. Hy verlekker hom nie oor sy vyand (Saul was die gesalfde koning van God!) se dood nie. Nee, hy treur. Hy oorwin die kwaad met die goeie.

Dit is tog wat die Here van ons verwag. Romeine 12:17-21: “Moenie kwaad met kwaad vergeld nie. Wees goedgesind teenoor alle mense. As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense. Moenie self wraak neem nie, geliefdes, maar laat dit oor aan die oordeel van God. Daar staan immers geskrywe: ‘Dit is my reg om te straf; Ek sal vergeld,’ sê die Here. As jou vyand honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te drink; want deur dit te doen, maak jy hom vuurrooi van skaamte. Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.” Dít het Dawid gedoen, al het hy die geleentheid gehad om Saul te vergeld en hom dood te maak.

Christus het vir ons die volmaakte (navolgendeisende!) voorbeeld gestel. Hy het aan die kruis die hoogste goed aan ons bewys toe Hy vir ons, wat gruwelike sondaars is, se sondes gesterf het. Daarom: Daardie persoon wat jou so erg te nagekom het en jou baie skade aangedoen het

- Moenie jou tyd en energie verspil op 'n klomp wraakgedagtes en wrokgevoelens teenoor hom nie.
- Nee, bid vir hom, wees goed vir hom, vergewe hom, wees lief vir hom. Dít – en nog meer – het Christus aan jou gedoen!
- Hy vra nie van jou om iets te doen wat Hy nie Self eers op 'n volmaakte manier juis aan jou gedoen het nie.
- Behandel selfs jou vyand soos Christus jou behandel het!

Sing: Skrifberyming 5-2:3

Dr AH Grové (Klerksdorp-Noord)